


Publication: Beeld,Saturday (Sport)
Publication Date: 01 Apr 2017
Page: 35

AVE: 16236.00
Circulation: 39761
Part: 1 of 1

# Rekords én harde lesse in Pretoria

**Wim Pretorius**

Rikenette Steenkamp sal nog 'n bietjie langer moet wag voor sy deur die 13 sekonde-grens in die 100 m-hekkies kan breek.

Steenkamp het tydens die tweede en laaste ronde van die Varsity-atletiekreeks wat by Tuks se L.C. de Villiers-stadion gehou is dié item gemaklik gewen met 'n tyd van 13.21 sekondes én haar vorige byeenkomsrekord, wat sy in die eerste ronde aan die begin van die maand in Potchefstroom opgestel het, verbeter.

In die 800 m vir mans het Henco Uys van NWU-Pukke 'n harde les geleer toe hy 'n meter voor die wenstreep sy hand in die lug gegooi het om 'n eerste plek te vier, net om te sien hoe Rynardt van Rensburg van Kovsies die lyn eerste oorsteek en met die sege wegstap.

Van Rensburg se tyd was 1:49.17 terwyl Uys se tyd 1:49.19 was.

Gift Leotlela van Tuks het sy uitstekende peil van die jaar voortgesit en sy junior Suid-Afrikaanse rekord van 10.12 sekondes geëwenaar om eerste in die 100 m te eindig.

Die junior blits Clarence Munyai het die 200 m gemaklik gewen met 20.25 sekondes vir die uitnodigingspan, terwyl Hendrik Maartens van Kovsies tweede was met 20.62 sek.

Pieter Conradie van NWU-Pukke het sy sege in die 400 m in die eerste ronde herhaal. Hy is die land se voorste atleet in die item tot dusver in 2017 en het gemaklik gewen het met 46.10 sekondes.

Wat die velditems betref, het Letitia Janse van Vuuren van NWU-Pukke in die hamergooi vir vroue haar teenstanders uitgestof met 'n yslike gooi van 62.37 meter, met Tuks se Chene Coetzee wat die naaste kon kom met 50.04 m.

Garth Ellis van Madibaz het sy stempel in die hoogspring afgedruk en met 'n hoogte van 2.12 m geseëvier.



**Die Madibaz-atleet Garth Ellis seil oor die hoogspring-lat tydens die Varsity-byeenkoms in Pretoria.** Foto: SASPA

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.